# Liturgiese Riglyne

**S O N D A G O G G E N D 09:00**

## Dit gaan nie oor hoe NABY jy is nie, maar oor HOE jy naby is

**Skriflesing:**
Handelinge 1: 12 – 26

**Teksvers:**
Efesiërs 2: 20

**Sing:**
Ps 146: 1, 3, 4, 8
Sb 15-7: 1, 2, 4
Sb 2-4: 1, 3
Ps 90: 1, 9
Sb 13-2

**Prediker**: Ds Naas Ferreira

Ons herdenk vandag die Reformasie en kan met reg vra: ***Hoe lyk die kerk van Jesus Christus, wat veronderstel is om met 'lewende stene' gebou te word (Ef 2: 10), vandag?*** Ons teksgedeelte is normaalweg 'n *'verbyblaai'* gedeelte. Wie wil nou lees van Judas se selfmoord en … watter boodskap sou hierdie Skrifgedeelte in elk geval vir ons kan gee vandag?

Maar, vandag gaan ons nie verbyblaai nie. God se Woord het in hierdie Skrifgedeelte 'n kragtige boodskap wat tot elkeen van ons in hierdie tyd moet spreek. Die boodskap is:

Dit gaan nie oor hoe **NABY** jy is nie, maar dit gaan oor **HOE** jy naby is.

**S O N D A G A A N D 18:00**

## 'n Gelowige kan die Here alleen maar in nederigheid dien as daar geloofsgroei is

**Skriflesing:**
Lukas 17:1-10

**Teksvers:**
Lukas 17:5-6

**Sing:**
Ps 68:1,9
Ps 116:8,9,10
Sb 10-2
Sb 14-2
Sb 13-2

**Prediker**: Ds Christo Swanepoel

"*Die apostels sê toe vir die Here: "Gee ons meer geloof." Maar die Here antwoord: "As julle maar geloof so groot soos 'n mosterdsaadjie gehad het, sou julle vir hierdie moerbeiboom kon sê: "Trek jou met wortels en al uit die grond uit en plant jouself in die see, en hy sou julle gehoorsaam."*

Luk 17: 5,6

Hoofpunte:

1. Die moeilike opdrag.
2. Die groot vereiste.
3. Die diepe besef.




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 46 Nr 37 31 Oktober 2021**


## Semper Reformanda ad Fontes

Elke laaste Sondag in Oktober staan in ons Protestantse kerke wêreldwyd bekend as Hervormingsondag, ter gedagtenis aan die omwenteling van die samelewing wat so drastiese verander het na aanleiding van Martin Luther se 95 Stellings.

Dit was op 31 Oktober 1517 wat Luther die bekende stellings teen die kerkdeur van die *Schloßkirche* in Wittenberg vasgenael het, wat 'n algemene en bekende manier was om diskussie oor akademiese sake te inisieer. Dit was nie die eerste en laaste stellinge van Luther nie. Terloops, die vorige maand, op 4 September het Luther op 'n baie meer drasties wyse vanuit die Skrif die stryd aangesê by wyse van Disputatio-stellings.

Dit was egter hierdie 95-stellings wat op byna onberekenbare wyse vlam gevat het en die wêreld se oë geopen het vir die skynheiligheid en valsheid van die "kerk". Die onbybelse praktyke van die aflate (om met geld vir jou sondes te betaal) het veral die fokus gevorm terwyl die gevolg ook ander wesenlike probleme ontbloot het soos die gesag van die kerk en die gesag van die Skrif.

Op so wyse het God self ingegryp om die aandag van menslike standpunte en opinies teenoor Sy ewige waarheid op te weeg. God se Woord kan nie gelyk gestel word aan mense se opinies en redenasies nie. God regeer Sy kerk deur Sy Woord en Gees en nie die mens nie.

Vandag, 504 jaar later is hierdie beginsel nog net so aktueel en noodsaaklik as ooit te vore. Die wêreld waarbinne ons leef is toenemend aggressief teenoor geloof en veral die Christendom. Maar ook die Christene het verval. Elke persoon het 'n opinie of oortuiging van die waarheid, en mense ervaar hoe die "kerk" (in die breë sin) probeer om relevant te bly in 'n drastiese veranderende samelewing. Kerke loop leeg, gemeentes doleer en gemeentelede kwyn.

Mag dit wees dat ons ook weer, soos Luther, en die kerk deur die eeue, sal afsien van ons eie opinies en redenasies, om terug te keer na God se Woord. Immers, ons bely dit as gereformeerdes. Dat God se Woord ons weer mag oor vorm, terug na Sy Beeld!

Semper reformanda – altyd reformerend, ad fontes – na die bronne.

Lourens (VDM)

# *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *09:00 - 14:00*

Meer as oorwinnaars!

Telefoon: **060 696 7373**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton
0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.
**KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za.**
**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**
**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).
**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**
**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.
**KATKISASIE**: Vandag: Les 23, Ps 107:1
Volgende week: Les 24, Ps 107:1

## KOLLEKTES

Gebruik asb die Zapper vir die volgende kollektes:

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Emeritaatsversorging

**Volgende week:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Sotho-bedieing

***Maandelikse bydraes dmv EFT***
***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417



# SUSTERS

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

**31 Okt**
C13 Tia Grünenfelder
B17 Nicoline Jonker
A14 Gwendy Gourly

**7 November 2021**
C12 Christi Venter
B16 Lourette vd Berg
A13 Hannie vd Bergh

## DROË VRUGTE

| | | |
|---|---|---|
| Ongeskilde perskes | 500g | R45 |
| Geskilde perskes | 500g | R65 |
| Gemaalde perskes | 500g | R45 |
| Nektariens | 500g | R50 |
| Pruimedante | 500g | R50 |
| Gemengde vrugte | 500g | R50 |
| Lekkers | 500g | R40 |
| Appelringe | 250g | R40 |
| Pere | 500g | R50 |
| Vrugtevlokkies | 250g | R40 |
| Perskerolletjies | 100g | R15 |
| Peerrolletjies | 100g | R15 |

Vrugte is vandag beskikbaar in die kombuis
Kontak Rika Kruger 0768347774

## Senior Aksie

Die Senior Aksie hou hulle afsluitingsfunksie op DV Maandag, 15 November 2021 by Orion Olyfplaas te Randfontein.

Ons beplan om 08:30 vanaf die kerk met 'n bus te vertrek en keer vroegmiddag terug.

Ons kry verversings tydens ons aankoms op die plaas en 'n lesing oor die plaas en sy bedrywighede. Daar is ook 'n winkel wat hulle Olyfolie en ander olyfprodukte verkoop. Na 'n ligte middagete vertrek ons weer terug na die kerk.

Die koste daaraan verbonde is R80,00 vir die verversings en R30,00 vervoerkoste.

Senior Aksie lede wat ledegelde betaal het, hoef nie die R80,00 vir die verversings te betaal nie.

Indien daar enige gemeentelede is wat graag wil saamgaan is julle baie welkom. Julle hoef nie senior burgers te wees nie! Ons het nog gaste nodig om die gebruik van die bus te regverdig.

Ons wil graag die aantal besoekers se getalle teen Woensdag, 3 November hê om die finale reëlings te tref.



Kontak Wally Wallace (071 578 3625),
Ina Nel (083 408 7811) of
Liesje Kuperus (083 481 1160)
indien u wil saamgaan of verder inligting benodig!



**Van der Walt huisonderhoud—**Vir enige herstel-, verf-; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; dakwaterseëling; palissades; bouwerk; ens. Vir gratis kwotasie skakel Hennie vd Walt 0829274326/hj2vdwalt@gmail.com.

Sukkel jy om maandeliks jou **skuld en lopende uitgawes** te betaal? Voorkom regsaksies en neem nou beheer oor jou finansies. Vir 'n GRATIS konsultasie kontak Petra Swanepoel Streamline Debt Counselling vir persoonlike hulp. GEEN "call centres". Jou privaatheid is vir ons belangrik. Tel 0829277324 of petra@streamlinedebt.co.za.

**Verkoop u, u huis?** U kan my aanstel as u oordrag prokureur. Onthou dit is die verkoper se keuse. Pieter Wolmarans 083 949 8899.

**Is jou huis in die mark of soek jy 'n nuwe huis?** Ek het kopers wat in Centurion wil koop. Jaco Wattel, Veritas eiendomme 082 854 1430.

**Liewe Tiener**, Ek wil graag help om jou selfvertoue te verbeter met jou **Handelsvakke**: Rekeningkunde, Ekonomie en Besigheidstudies. Ek het ervaring in Nasionale senior sertifikaat, IEB en Cambridge. Gaan kyk asb na my web: tauwi.co.za (Tutoring *as you want it*). Ons kan aanlyn werk of aan huis. Carina vd Dussen 082 374 2780.

**Bitterlief** - Vir uitnodigings, *save-the-dates*, besigheidskaartjies, plakkers tot etikette van enige soort. Selfs waterbottels met 'n etiket van jou keuse. Kyk op *facebook* vir voorbeelde en verwysings. Jeske 081 251 9617

**Musieklesse vir oud en jonk**. Klavier, Viool, Ghitaar, Tromme, Blokfluit, Colourstrings Kindergarten, Musiek Teorie. Mariki Lessing (079 796 8563).

**Mont Fleurkompleks eenheid te huur**, 1 Des, R8500pm. 2 Sk, 1 bk, 2 mh. Groot erf met lapa, troeteldier vriendelik. Lené vd Walt 060 542 1769.

**Algemene administrasie en diktafoontikwerk gesoek—**U kan 'n MP3 en MP4 lêer aan my e-pos vir vinnige diens. Tillie Kloppers 082 753 0525.




*Die Here sal jou uitgaan en jou terugkeer beskerm van nou af en vir altyd.*
*Psalm 121:8*



**Besorg asb die blompot terug indien u Sondag die ruiker ontvang het. Dankie.**



# *Ons gee om vir Mekaar*

*"...die Here sal my onder sy sorg neem."* Ps 27:10

**Ons dink met meelewing en voorbidding aan**:

- **Andre Kurpershoek** sterk aan in Unitas hospitaal (A2—084 651 030).
- **Jan en Jetske Guldemond** het baie uitdagings met hul gesondheid. Jetske is tans in Kloof hospitaal en Jan sterk aan na 'n prosedure (A1—667 2524).
- **Elize Impey** ondergaan 'n prosedure gedurende die week (B18—076 449 3444).
- **Meelewing** word betuig met Cornelia Lee en familie na die afsterwe van Hennie gedurende die week. Begrafnisreëlings sal bekend gemaak word.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## *Verjaarsdae*

***Belydende lidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 31 Okt | Karen | Rebel | A01 | 27846100170 |
| 01-Nov | Marna | Cronje | A16 | 27837258111 |
| | Ina | Kotze | C03 | 27725416021 |
| 03-Nov | Tjaart | Bester | B11 | 27824286685 |
| | Hannes | vd Berg | A05 | 27833761506 |
| | Judy | Venter | A11 | 27828546499 |
| 04-Nov | Rochelle | Bloemhof | A07 | 27763286939 |
| | Esther | Hoffmann | A02 | 27832001907 |
| 06-Nov | Martie | Erasmus | C04 | 27828176917 |

***Dooplidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 31 Okt | Marnus | Labushagne | B06 | 27786881507 |
| 01-Nov | Ruben | Strydom | A04 | 27828722215 |
| 02-Nov | Annick | Nel | B19 | 27828800797 |
| 04-Nov | Hannah | Brits | B15 | 27827821413 |

## Die Skep-Hoop-Fonds

Ons wil elke lidmaat wat bygedra het tot die fonds bedank. Ons versoek dat u sal aanhou bydra aangesien die gevolge van die Covid pandemie steeds diep sny en daar heelwat mense is wat swaarkry.

Kontak asseblief u ouderling, diaken, predikant of die diakoniebestuur vir verdere inligting of indien u hulp nodig het.

Marius Gerber 082 327 2949
Rudy Kruger 082 466 6035
Petra Swanepoel 082 927 7324
Theuns Louw 082 815 4275
Drikus van der Walt 060 569 2608

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/ hospitalisasie/herstelproses (bv Covid 19/ kanker).

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.

## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service

Like us on facebook: https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

Die Gereformeerde Kerk Centurion

nooi u hartlik uit na ons

# PSALMFEES

kom sing saam in die kerk gebou soos regulasies

dit toelaat DV

## Sondag 31 Okt 21

## 15:00 - 17:00

of by die huis met jou groepie mense en volg

aanlyn - sien gkcenturion.co.za vir die link

## TEMA: SOLI DEO GLORIA





## G T A

**Tieners**

Boskopdam – Seilnaweek

2-5 Desember 2021 by Boskopdam.

Hou die datum oop vir 'n rustige afsluiting van die jaar.




---

## J u v e n t u s

Elke Donderdagaand

om 19:00 by die kerkgebou.



---

**TIENERS** (Graad 7—12)

**GTA** kaskenades saalsokker vanaand

